

Jode, en ons, is skuldig voor God (OP270)

Romeine 2:17-29

11 Oktober 2026

Tot dusver in ons studie van die boek Romeine, het ons reeds gesien dat selfs heidene kennis het van God. Hulle ken God se ewige krag en goddelikheid uit Sy daade, maar hulle onderdruk dit doelbewus met sinlose redenasies. God openbaar Sy toorn oor hulle deur hulle oor te gee aan hulle eie begeertes en verwerplike denkwyses. Gevolglik tree hulle onbetaamlik op.

Laaskeer het ons stilgestaan by God se oordeel. Ons het geleer dat God definitief gaan oordeel – Hy gaan deur die Here Jesus Christus oordeel aan die einde van die tyd op die oordeelsdag. Ons het vier beginsels geleer waarvolgens God gaan oordeel: (1) Hy gaan oor alle mense oordeel – dus oor Jode en Grieke, trouens Hy gaan oor alle mense van alle nasies en tye oordeel. (2) Hy gaan onpartydig oordeel, d.w.s. Hy gaan nie volgens sekere uiterlike eienskappe oordeel nie. (3) Hy gaan spesifiek daade oordeel – dit wat elke mens gedoen het – nie of hy geglo het of nie, maar wel wat elke mens gedoen het. (4) Hy gaan regverdig oordeel. Dit beteken dat Hy in gedagte sal hou hoeveel blootstelling iemand gehad het aan byvoorbeeld Sy wet – hoe meer blootstelling, hoe strenger gaan Hy oordeel. Die uitkoms van Sy oordeel is óf die ewige lewe in heerlijkheid en eer en vrede, óf God se toorn en gramskap. Hierdie is harde en ferm woorde van die Here God.

Vandag wil ek aan beweeg na Rom 2:17-29. Waar die laaste gedeelte van Rom 1 spesifiek op die heidene gefokus het, het die eerste gedeelte van Rom 2 (verse 1-16) se fokus begin skuif na die Jode – maar tog ook na meer as die Jode. In verse 17-29 val die fokus baie sterk op die Jode, en soos ons sal sien, val die fokus ook op gelowiges in die algemeen – immers was die Jode in die Ou Testament 'n tipe van die gelowiges in die Nuwe Testament. Ek het besluit om hierdie gedeelte te oordink deur ruim gebruik te maak van Stuart Olyott se uiteensetting van hierdie gedeelte in sy boek "The gospel as it really is".

Alhoewel Paulus se lering oor die oordeel baie duidelik is, soos ons laaskeer gesien het, is dit ook so dat baie mense dit eenvoudig nie aanvaar nie. Ja, alhoewel dit in hulle gewetens geskryf is dat God hulle sal oordeel, wil hulle dit eenvoudig nie aanvaar nie. Die Jode van Paulus se tyd kon eenvoudig nie glo dat die Here God hulle op dieselfde manier gaan oordeel as alle ander mense nie. Immers, hulle was die besnede volk van die Here. Immers hulle het die Here se wet gehad – anders as die heidennasies. Hulle was tog spesiaal. Gevolglik het hulle geredeneer: "God se oordeel sal tog nooit met ons gebeur nie!" Netso is daar vandag ook steeds mense, veral kerkmense, wat ook so redeneer: Immers is hulle gedoop, immers is hulle betrokke by soveel kerk aktiwiteite. Daarom redeneer hulle ook: "God se oordeel sal tog nooit met ons gebeur nie!" Vir beide die Jode van destyds, asook die kerkmense van ons tyd, wat so redeneer, moet ons herinner aan vers 13: "Dit is tog nie die blote hoorders van die wet wat voor God regverdig is nie, maar dit is die daders van die wet wat geregverdig sal word." In die gedeelte wat ons vandag oordink brei Paulus uit op hierdie stelling. Hy wil dit dubbel en dwars onderstreep – niemand moet hierdie punt mis nie. Ons gaan die volgende punte oordink: (1) Vertroue in selfregverdiging (Rom 2:17-20), (2) Die dwaasheid van selfregverdiging (Rom 2:21-24), (3) Vertroue in besnydenis (Rom 2:25), en (4) Die dwaasheid om op die besnydenis te vertrou (Rom 2:25-29).

Vertroue in selfregverdiging (Rom 2:17-20)

Die Jode het hulle skuldig gemaak aan selfregverdiging. Lees Rom 2:17-20. In hierdie verse onderstreep Paulus 'n paar punte waarop die Jode baie trots was:

- Hulle het hulle self “Jode” genoem (v17). En hulle was baie trots daarop dat hulle Jode was. Dit het beteken hulle was deel van die uitverkore volk van God – en geen ander volk kon hulle hierop beroem nie.
- Die Jode het staat gemaak op die feit dat hulle God se wet besit het (v17). Dit was tog net die Joodse volk wat God se wet gehad het en wat dit moes bewaar. Dit was tog hulle voorouers wat destyds by Sinai was, en aan wie die Here Sy geskrewe wet op kliptafels gegee het.
- Die Jode het hulle beroem op hulle verhouding met God die Here (v17). God was tog hulle Here, Hy was tog hulle Verbondsgod. Hulle geskiedenis het getuig van die deurgaande en volgehoue bemoeienis van die Here. Hulle was tog uniek onder die volke.
- Die Jode het ook God se wil geken (v18). Bo en behalwe dat hulle die wet besit het, het hulle dit ook geleer. Hulle het insig gehad in waarmee God besig is, wat God gesê het – hulle was nie oningelig soos die heidense nasies nie.
- Die Jode was trots daarop dat hulle kon onderskei wat werklik saak maak – hierdie onderskeidingsvermoë het gespruit uit hulle bestudering van God se wet (v18). Hulle het selfs met die wet saamgestem oor wat goed is, en wat nie.
- Die Jode was ook oortuig weens hulle kennis wat hulle ontwikkel het, dat hulle nou bevoeg was om aan ander leiding te gee (v19) – hulle het geredeneer hulle kan nou ‘n gids wees vir die blindes, ‘n lig vir die wat in duisternis is en ‘n onderwyser vir klein kindertjies (v20).

Die Jode was oortuig hulle, en net hulle, het die wet. En dit is kosbaar, want die wet is die beliggaming van kennis en waarheid (v20). Geliefdes, kom ons wees eerlik: Dit is presies wat die wet van God is: Dit is die beliggaming van kennis en waarheid. Dit is waar God bekend maak wat Hy wil. En die wet is aan die Jode toevertrou. Dit is in die geskiedenis van die Joodse volk dat God Sy optrede met die mensdom verduidelik het. Die Jode was die uitverkore volk, soos geen ander volk nie. Hulle was uniek, met ‘n unieke en kosbare skat in hulle midde – God se wet. Hulle het ‘n verantwoordelikheid gehad om hulle kennis en insig met ander volke te deel. Dit alles was goed, en hulle was besonder begenadig om dit alles te besit. En Paulus wil dit geensins ontken nie. Die probleem was egter dat i.p.v. dat dit die Jode nederig en dankbaar gemaak het om so begenadig te wees, was hulle trots en selfvoldaan oor hulle posisie en het op ander rondom hulle neergekyk. En daarom het hulle geredeneer: “God se oordeel sal nooit met ons gebeur nie!”

Hierdie gevaar is egter nie beperk tot die Jode nie – dit kom vandag steeds voor. Selfs in ons tyd is dit so maklik vir mense wat hulleself as gelowiges sien, om te redeneer: “Die Here God is so goed vir ons. Immers Hy het ons toevertrou met Sy Woord, die Bybel. Ons mag dit bestudeer, en ons doen dit selfs. Ons mag selfs groot insig hê in Sy Woord. Ons keur goed wat die Woord ons leer. Ons verstaan waarmee die Here besig is. Trouens, ons is oortuig ons is in ‘n gunstige posisie om leiding te gee aan die mense van ons tyd, ons kan God se lig laat skyn in ‘n donker wêreld.” En die gevolg is ons word ook trots en selfvoldaan soos die Jode van destyds, en kort voor lank redeneer ons ook: “God se oordeel sal nooit met ons gebeur nie!”

Die dwaasheid van selfregverdiging (Rom 2:21-24)

Lees Rom 2:21-22. Paulus gaan nou voort en hy wil uitlig hoe dwaas dit was vir die Jode om hulleself te wil regverdig deur op die dinge te vertrou waarop hulle hulle vertrou geplaas het. Hy doen dit deur ‘n paar vrae te vra. As hierdie vrae eerlik geantwoord word, sal dit die dwaasheid van hulle redenasie uitlig. Paulus vra die volgende vrae:

- Eerstens vra Paulus of die Jode, wat redeneer hulle is in die posisie om ander te onderrig, of hulle dan nie hulleself ook onderrig nie (v21)? Dit sal tog onlogies en onverantwoordelik

wees as hulle iemand anders God se wet wil leer, maar hulle self leer nie die wet nie. Waarskynlik sou die Jode hierop wou reageer en sê maar dit is nie waar van hulle nie – hulle leer tog die wet. Trouens dit is een van die dinge waarop hulle so trots was.

- Maar dan gaan Paulus verder en vra aan hulle of hulle werklik doen dit wat hulle ander leer om te doen. Paulus gebruik 'n paar eksplisiete voorbeelde om hulle, en ons, deeglik te laat dink:
 - Siende dat hulle ander leer dat hulle nie mag steel nie (immers is dit wat God se wet vereis), is dit werklik waar dat hulle nooit self steel nie (v21)? Ek kan my indink dat hulle direk sou wou redeneer dat hulle nie steel nie. Maar dink deeglik oor die agste gebod: Nie net verbied die agste gebod diefstal en roof wat deur die owerheid gestraf word nie, maar dit verbied ook skelmstreke waardeur iemand probeer om goed onregmatig te verkry, soos byvoorbeeld deur vervalsing van gewigte of goedere. Dit verbied ook gierigheid en misbruik of verkwisting van gawes. Boonop vereis die agste gebod dat ek die belange van my naaste moet bevorder. Boonop moet ek my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help. Kan die Jode, en ons, werklik redeneer ons is nooit skuldig aan oortreding van hierdie gebod nie?
 - Siende dat die Jode ander leer dat hulle nie mag egbreuk pleeg nie, is dit werklik waar dat hulle nie egbreuk pleeg nie (v22)? Weereens dink ek hulle sou wou redeneer dat hulle nie skuldig is nie. Maar dink deeglik oor die sewende gebod: Dit verbied nie net egskeiding nie, dit verbied ook enige vorm van onkuisheid – binne sowel as buite die huwelik. Ons liggame en siele is 'n tempel vir die Heilige Gees – daarom moet ons albei rein en heilig bewaar. Daarom mag daar by ons geen onkuse daade, gebare, woorde, gedagtes of luste voorkom nie. Kan die Jode, en ook ons, werklik redeneer dat ons nie skuldig is aan die oortreding van hierdie gebod nie?
 - En dan vra Paulus aan die Jode of hulle wat die afgode verafsku, of hulle nie dalk skuldig is aan tempelroof nie (v22)? Weereens dink ek die Jode sou nou ernstig wou kapsie maak – natuurlik verafsku hulle afgode, natuurlik is hulle nie skuldig aan tempelroof nie. Maar dink weereens mooi oor die eerste en tweede gebooie: Die eerste gebod gebied dat net God aanbid mag word, net Hy is die enigste God. Daar is geen ander god nie. Dit beteken ons mag nie enige vertrou in enigiets of enigiemand anders plaas nie – nie in mense, regerings, my eie vermoëns, of besittings nie. Voeg hierby die tweede gebod wat leer dat God alleen vereer mag word op die manier wat Hy voorgeskryf het in Sy woord. Kan die Jode, en ook ons, werklik redeneer dat ons nooit skuldig is aan die oortreding van hierdie gebooie nie? Is ons nooit skuldig daaraan om ander dinge te vertrou nie? Is ons nooit traag in ons aanbidding van die Here nie? Dien ons Hom altyd met ons gawes en middele soos wat Hy van ons verwag? Of is ons soms ook skuldig aan dooie ortodoksie in ons aanbidding?

Ek glo Paulus se punt is duidelik: Die Jode was nie volmaak gehoorsaam aan die wet van God nie. En dit is ook waar van ons elkeen. Lees nou Rom 2:23-24. Hier is die tragiese realiteit: Die Jode het hulle beroem daarop dat hulle die enigste volk was wat God se wet gehad het. Hulle was so trots hierop dat hulle ander geleer het om ook die wet te onderhou. Ongelukkig was hulle egter nie volmaak gehoorsaam aan die wet nie, en die gevolg was dat hulle God oneer aangedoen het. Die wet het juis vereis dat hulle God moet eer, maar hulle het Hom oneer aangedoen. Vergelyk die Jode met die heidene: Die heidene het nie die wet van God nie. Al wat hulle het is die beginsels wat steeds op

hulle harte geskryf is, maar wat hulle bewustelik onderdruk – natuurlik is hulle skuldig. Die enigste ander blootstelling wat hulle aan God se wet het, is deur dit wat hulle van die Jode leer – maar dit is gebrekkig: Die Jode doen nie eers self wat die wet van God vereis nie. Die gevolg is die heidene maak 'n gevolgtrekking oor God en Sy wet op grond van die onbetroubare optrede van die Jode. En gevolglik word God se naam oneer aangedoen. En daarom is dit so onlogies as die Jode wil redeneer dat God hulle nie sal oordeel nie – hulle verdien niks minder as Sy oordeel nie. Trouens, in 'n sekere sin verdien hulle dit selfs meer as die heidene – immers het hulle van beter geweet.

Ons moet ook versigtig wees: As ons ons beroem op ons suiwerheid van leer, moet ons seker maak dit gaan gepaard met 'n heilige lewe. As ons dink ons verstaan God se Woord beter as ander, lewe ons volgens Sy Woord? Ongelowiges maak gevolgtrekkings oor God se karakter op grond van die manier waarop ons lewe. Ons moet deeglik kennis neem: God gaan ons dienooreenkomstig oordeel.

Vertroue in besnydenis (Rom 2:25)

Lees Rom 2:25. Die volgende onderwerp wat Paulus aanraak is die besnydenis. Die Jode was baie trots op hulle besnydenis. Hulle was trots op hierdie uitwendige, sigbare en permanente teken van die verbond. Vir die Jood was dit die teken wat 'n waarborg was dat hulle nie deur God veroordeel sou word nie. Vir hulle was dit ondenkbaar dat hulle Verbondsgod hulle op dieselfde manier sou behandel as wat Hy die heidene sou behandel wat nie besny is nie. Hulle het hulle daarop beroem dat hulle die direkte nageslag van Abraham was – Abraham wat die eerste persoon was om die teken van die besnydenis te ontvang. Die Jode het hulleself gesien as Abraham se kinders, en dus erfgename van die verbondsbloefes. Die besnydenis was 'n voortdurende herinnering aan hierdie bloefes. Hoe is dit moontlik dat hulle Verbondsgod hulle ook gaan oordeel, soos wat Hy die heidene gaan oordeel?

Hierdie redenasie klink oortuigend, is dit nie? Vir die Jode was dit oortuigend. Hulle was tog anders as die heidene, en kan dus ander behandeling van die Here verwag as die heidene. Redenasies wat gebaseer is op eksterne rituele het 'n vermoë om mense te oortuig – selfs vandag nog. Daar is baie mense wat hulle hoop om eendag in die hemel te wees, baseer op 'n eksterne handeling, dikwels juis op die feit dat hulle fisies gedoop is. Daar is ook ander eksterne handelinge wat mense gebruik om hulleself te oortuig hulle sal hemel toe gaan: hulle lees tog hulle Bybels, hulle gaan tog kerk toe, hulle neem selfs deel aan die nagmaal.

Wat hierdie mense nie begryp nie, is dat God nie na eksterne en sigbare handelinge kyk nie, nee, Hy kyk dieper, Hy kyk na die hart. En Paulus wil juis dit nou in meer detail aan sy lesers verduidelik.

Die dwaasheid om op die besnydenis te vertrou (Rom 2:25-29)

Kom ons oordink Paulus se redenasie in Rom 2:25-29.

- Lees vers 25. Die eenvoudige realiteit is dat die besnydenis nie op sigself nuttig is nie. Die besnydenis is bloot 'n teken. Dit is inderdaad 'n kosbare teken, maar dit is bloot 'n teken. Die besnydenis is 'n teken dat iemand deel van Abraham se nageslag is, dus deel van God se volk is. Die besnydenis is dus 'n teken dat die persoon eenkant gesit is vir die Here. Natuurlik het dit diepgaande implikasies as iemand eenkant gesit is vir God. Onder andere het dit die implikasie dat hierdie persoon sal leef soos wat die Here wil – dus moet so 'n persoon die wet van God onderhou. Maar as so 'n persoon wat besny is, nie die wet van God onderhou nie, wat is dan die nut van die besnydenis? Die besnydenis is 'n teken dat die persoon eenkant gesit is vir God, maar as die persoon se lewe nie bevestig dat hy eenkant gesit is vir God nie, deurdat dat hy nie die wet onderhou nie, wat is dan die nut van die teken? Die

besnydenis is net 'n teken, die realiteit waarna die teken wys is dat die persoon moet lewe volgens God se wet. As die persoon nie so lewe nie, is die teken sonder enige nut – as't ware het die persoon se besnedenheid onbesnedenheid geword – as't ware is dit so goed asof die persoon nooit besny is nie.

- Lees vers 26. Hier beskryf Paulus 'n teenoorgestelde moontlikheid. Gestel daar is 'n persoon wat nie besny is nie, maar die persoon ontvang wel die genade om die wet na te kom. So 'n persoon besit die realiteit waarna die besnydenis wys, so 'n persoon is werklik eenkant gesit vir die Here, want hy onderhou die wet. Die feit dat hy nie die besnydenis ontvang het nie, is nie so belangrik nie. Sy onbesnedenheid word as't ware as besnedenheid gereken – al is hy nie besny nie, maar hy tree wel op soos wat iemand wat wel besny is behoort op te tree. Die hoogste prioriteit is gehoorsaamheid, nie die fisiese besnydenis nie.
- Lees vers 27. Paulus praat nou baie reguit met die Jode. Soos ons gesien het, het hulle trots geredeneer hulle besit God se wet en hulle is boonop besny. Hulle is tog die mense wat God eenkant gesit het om aan Hom te behoort. Maar Paulus het ook al reeds in verse 21-22 gewys dat die Jode nie die wet volledig onderhou nie. Ja, hulle besit die wet en hulle is fisies besny, maar hulle onderhou nie die wet nie. Daarteenoor is daar mense wat wel die wet onderhou al is hulle nie besny nie, en al is hulle nie Jode nie. Hierdie mense gaan dit tog duidelik maak dat die Jode se redenasie dat hulle nie deur God geoordeel sal word nie, eenvoudig nie sin maak nie. Die Jode het nie die realiteit wat die wet vereis en waarna die besnydenis wys nie, terwyl hierdie ander mense wel die wet onderhou al is hulle nie besny nie.

Lees verse 28-29. In hierdie verse som Paulus op wat hy tot dusver gesê het. Die Jode het hulle vertrou geplaas op uiterlike dinge: hulle het die wet van God besit, en hulle was fisies besny. Dit was wat hulle aanbetref wat hulle onderskei het van ander volke, dit is wat hulle Jode gemaak het. Maar Paulus redeneer dit beteken hoogstens dat hulle uiterlik Jode is. En om uiterlik 'n Jood te wees, is ten diepste van baie min betekenis. Wat baie meer belangrik is, is dat iemand innerlik 'n Jood is. Om innerlik besny te wees, beteken om in die hart besny te wees. Hierdie innerlike hartsbesnydenis is 'n saak wat al verskeie kere in die Ou Testament na vore gekom het. In Deut 30:6 lees ons: “Die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, sodat jy die Here jou God met hart en siel sal liefhê, sodat jy kan leef.” Let mooi op wat hierdie vers sê: Ons harte moet besny word, sodat ons God met hart en siel sal liefhê, sodat ons kan leef. Sien jy die ooreenkoms met wat Paulus redeneer in Rom 2? 'n Hartsbesnydenis is nodig, sodat ons God met hart en siel kan liefhê – dit is net 'n ander manier as om te sê: 'n Hartsbesnydenis is nodig om God se wet te kan onderhou – immers het die Here Jesus die wet opgesom as liefde vir God met hart en siel. En dit is wanneer 'n hartsbesnydenis voorkom, wat oorgaan in wetsgehoorsaamheid gedring deur liefde vir God met hart en siel – dan sal ons leef. Die fisiese besnydenis het na hierdie hartsbesnydenis gewys as 'n teken – maar dit is die hartsbesnydenis wat werklik essensieel is. Dan sal iemand leef, selfs al oordeel God die hartbesnede. Let ook op wat Deut 30:6 sê wie harte besny: Dit is God! Ja, dit is so daar is ook tekste wat sê dis die mens wat hulle harte moet besny. Kyk na Jer 4:4: “Besny julleself vir die Here; verwyder die voorhuid van julle harte, manne van Juda en inwoners van Jerusalem.” Natuurlik is dit absoluut die werk van die Heilige Gees wat in ons moet werk om ons harte te besny, maar dit is nie 'n saak waarvan ek nie bewus is nie. Hartsbesnydenis moet lei tot wetsonderhouding, d.w.s. dit het 'n effek op die lewe wat ek lei. Ek is aktief betrokke onder die leiding en die krag van die Heilige Gees.

Kom ons keer terug na Rom 2:28-29. Dit is wanneer iemand se hart besny is, wanneer hy innerlik besny is, wanneer hy geestelik besny is, dan is iemand innerlik 'n Jood. Vers 29 sluit af met die

woorde: “Só iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God.” Om hierdie vers te waardeer, onthou die volgende:

- Die term “Jood” is gebruik vir die afstammelinge van Juda. Juda was een van Jakob se seuns. Toe sy ma, Lea, aan hom geboorte geskenk het, het sy gesê: “Hierdie keer sal ek die Here prys” – en toe noem sy hom Juda, wat in Hebreeus na “prys” verwys (Gen 29:35).
- Later sterf Jakob, Juda se pa. Op sy sterfbed sê hy: “Juda, jy, jou broers sal jou prys”. Weereens word Juda geassosieer met “prys” (Gen 49:8).

Juda se ma prys die Here met sy geboorte, en as sy pa sterf, sê hy Juda se broers sal hom prys. Maar nou sê Paulus nog iets meer: Die innerlike Jode sal nie prys van mense ontvang nie, maar van God! Geliefdes, ons moet dit nie mis nie:

- Die heidene gaan geoordeel word – want hulle het God se openbaring aan hulle doelbewus onderdruk, en nie God se wil gedoen nie.
- Die fisiese, uiterlike Jode gaan geoordeel word, al het hulle die wet besit, en al is hulle fisies besny – want hulle was steeds wetsoortreders.
- Die ware, innerlike, hartsbesnede Jode gaan ook geoordeel word – maar hulle gaan lof van God ontvang! Hoe gaan dit gebeur? Wel, die res van Romeine gaan dit in detail bespreek.

Toepassing

Hier is twee waarskuwings wat uit hierdie gedeelte na ons toe kom:

- Die gevaar van selfregverdiging: Die Jode het allerlei argumente aangevoer om hulleself daardeur te regverdig. Ons as gelowiges loop ook die gevaar. Hoe meer ons groei in kennis, hoe groter word die gevaar dat ons dink ons sal God se oordeel vryspring omdat ons so baie dinge verstaan. Dit is egter moontlik dat ons baie kennis het, dat ons baie geloofswaarhede goed verstaan, dat ons betrokke is in allerlei Christelike aktiwiteite en bedienings, terwyl dit nie meer is as bloot uiterlike aktiwiteite nie – aktiwiteite wat ons dink ons regverdig voor God sal maak. Die probleem is dat ons nie enige van daardie aktiwiteite volmaak uitvoer nie. Ons skiet dus steeds tekort. Natuurlik moet ons groei in ons kennis, natuurlik moet ons leerstellings waarhede bestudeer, natuurlik moet ons betrokke wees in Christelike aktiwiteite en bedienings, maar dit kan nooit die basis wees waarom ons voor God regverdig verklaar sal word in die oordeel nie. Al hierdie aktiwiteite maak net sin as ons innerlik in die hart besny is, en dit die gevolg is van hierdie hartsbesnydenis. Sonder die hartsbesnydenis is die aktiwiteite nutteloos om voor God geregverdig te word. Die Here Jesus het ook hierteen gewaarsku. In Mat 7:22-23 sê Hy: “Nie elkeen wat vir My sê, ‘Here, Here,’ sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar net diegene wat die wil doen van My Vader in die hemele. Baie sal op daardie dag vir My sê, ‘Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam demone uitgedryf en in U Naam kragtige daade verrig nie?’ Dan sal Ek openlik vir hulle sê, ‘Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid bedryf!’” Mag die Here ons help om deeglik te onderskei of ons besig is met daade om onself te regverdig, en of ons besig is om die daade te doen gedring deur die Gees wat in ons besnede harte werk.
- Die gevaar van formalisme: In hierdie gedeelte is dit baie duidelik dat die uiterlike teken van besnydenis onderskeibaar is van die waarheid waarna die teken wys – dit is besnydenis van die hart. Nie almal wat fisies besny is, het hartsbesnydenis ontvang nie. Netso is daar diegene wat die hartsbesnydenis ontvang het, maar wat nie fisies besny is nie. Die essensie is nie die fisiese besnydenis nie – wel die hartsbesnydenis. Ons leef in die Nuwe

Testamentiese tyd – ons glo dat die besnydenis oorgegaan het in die doop. Netso het die Pasga oorgegaan in die nagmaal. Beide die doop en die nagmaal is ook fisiese eksterne tekens wat ons mag, en selfs behoort, te gebruik. Maar dit bly eksterne tekens. Dit is weliswaar tekens wat 'n baie diep betekenis het: Die doop is 'n teken dat ons sondes in Christus se bloed afgewas word. Die nagmaal se brood en wyn wys na die Here Jesus se liggaam en bloed waarmee Hy vir ons versoening bewerk het. Maar dit is nie die doop en die nagmaal wat ons regverdig verklaar nie – nee, dit is net die werk van die Here Jesus wat dit kan bewerk. Die doop en die nagmaal is tekens waaraan sekere beloftes gekoppel is. Maar die beloftes realiseer alleenlik wanneer iemand se hart besny word – nie wanneer hy fisies gedoop of fisies die nagmaal gebruik nie. Beteken dit dat die gebruik van die doop en die nagmaal onbelangrik is? Hoegenaamd nie, dit is baie belangrik. Die Here God het geweet ons het eksterne sigbare tekens om ons geloof te versterk sodat ons die versekering kan hê dat as ons innerlik in die hart besny is, sal al daardie beloftes vir ons realiseer. Maar dit realiseer net vir die wat in die hart besny is, nie vir almal wat fisies gedoop of fisies die nagmaal gebruik nie. Hulle wat die tekens gebruik sonder die hartsbesnydenis, sal swaarder geoordeel word – immers moes hulle geweet het waarna die tekens verwys, maar hulle het dit geïgnoreer. Vir die hartsbesnedenes is dit egter 'n heerlike bemoediging om te volhard in afwagting op die volle vervulling van God se beloftes.